

# MET VEERPATROON



**BENODIGDHEDE:** 12(13; 14; 15) bolle Twilleys Lyscordet Nr. 5 (25-g-bolle) hoofkleur (H); 1(2; 2; 2) bolle kontraskleur (K); paar elk breinaalde van 2,75 mm en 2,25 mm; hekelpen van 2,50 mm; 3 knopies; stekehouer.

**Let Wel:** Die hoeveelheid garing is bereken volgens gemiddelde vereistes en is dus slegs by benadering. Dit is gerade om al die garing wat benodig word gelyktydig aan te koop want kleurlotte verskil soms.

**MATE:** Om borsmaat van 51(56; 61; 66) cm te pas; algehele lengte 36(41; 46; 51) cm; mounaat 16(20; 24; 28) cm.

**SPANNING:** 9 ste en 12 rye = 3 cm oor rifflsteek, effens gerek.

**AFKORTINGS:** r - brei reg; aw - brei aweregs; st(e) - steek - (steke); vermin - verminder; vermeer - vermeerder; tes - tesame; herh - herhaal; grtgo - glip een steek, brei een steek reg, trek glipsteek

oor; gl - glip; gut - garing vorentoe; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rif - rifflsteek (soos uiteengesit waar van toepassing); vlg - volgende; weersk - weerskante; alt - alternatiewe; ▼ - verleng of verkort hier; oorbl - oorblywende.

**VOORPANT VAN SKOUERSTUK:** Met 2,25-mm-breinaalde en H stel 98(104; 116; 122) ste op.

**1e ry:** (RK) aw2, (r1, aw2) tot einde.  
**2e ry:** r2, (aw1, r2) tot einde.

Hierdie 2 rye vorm die rifflpatroon. Brei nog 4 rye rif.

**Mousgatvorming:** Hou rif deurlopend korrek en heg 3(3; 6; 6) ste af aan begin van die vlg 2 rye, vermin dan 1 steek aan weersk van vlg 6 rye — 80(86; 92; 98) ste.

Brei rif tot werk 8(9; 10; 11) cm lank is vanaf begin en eindig met 'n aw-ry.

**Halsvorming:** **Vlg ry:** Brei 28(30; 32; 34) ste rif, r2tes, draai. Brei slegs oor hierdie ste en vermin 1 st aan halsrand in vlg 7 rye — 22(24; 26; 28) ste. Brei nog 4 rye.

**Skouervorming:** Heg 11(12; 13; 14) ste lossies af aan begin van vlg ry en daaropvolg alt rye. Plaas middelste 20(22; 24; 26) ste op 'n stekehouer en voltooi tweede kant van hals om met eerste kant ooreen te stem.

**VOORPANT VAN ROMP:** Met 2,25-mm-breinaalde, H en RK van skouerstuk voor, begin aan regterkant van opstelrand; tel op en r 98(104; 116; 122) ste oor opstelrand.

**Vlg ry:** (VK) aw2, \*vermeer in elk van vlg 5 ste, aw1; herh van \* nog 15(16; 18; 19) keer tot einde — 178(189; 211; 222) ste.

Brei voort in patroon soos volg:

**1e ry:** (RK) deurgaans r.

**2e ry:** Deurgaans aw.

**3e ry:** r1, \*(r2tes) 2 keer, gvt, (r1, gvt) 3 keer, (grtgo) 2 keer; herh van \* tot laaste st, r1.

**4e ry:** Deurgaans aw.

Hierdie 4 rye vorm die veer-en-waaierpatroon. Brei nog 8(12; 12; 16) rye pat. Slaan oor na 2,75-mm-breinaalde en brei pat tot werk 34(39; 44; 49) cm lank is vanaf skouer, eindig met 'n 4e pat-ry ▼. Knip H af. Heg K vas en brei nog 3 rye pat. Brei dan 6 rye reg. Heg regsgewys af.

**AGTERPANT VAN SKOUERSTUK:** Soos voorpant van skouerstuk tot werk 4(5; 6; 8) cm lank is vanaf begin.

**Verdeelry:** Brei 40(43; 46; 49) ste rif, draai.

Brei slegs oor hierdie ste in rif tot werk 10(11; 13; 14) cm lank is vanaf begin, eindig aan mousgatrand.

**Skouervorming:** Heg 11(12; 13; 14) ste lossies af aan begin van vlg ry en elke alt ry. Brei een ry. Plaas oorbl 18(19; 20; 21) ste op 'n reserwenaald. Voltooi tweede kant van agterpant om met eerste kant ooreen te stem.

**AGTERPANT VAN ROMP:** Soos voorpant van romp.

**MOUE (2):** Begin aan moukop en met 2,75-mm-breinaalde en H stel 13(24; 13; 24) ste op en brei 3 rye veer-en-waaierpatroon soos voorpant van romp. Hou pat deurlopend stel 6 ste op aan begin van vlg 2 rye, dan 5 ste aan begin van daaropvolg 2 rye. Herhlaaste 4 rye nog 2(2; 3; 3) keer — 79(90; 101; 112) ste.

Brei nog 15(19; 23; 27) cm reguit voort in veer-en-waaierpatroon, eindig met 'n 4e pat-ry. Knip H af, heg K vas en brei nog 3 rye patroon. Brei dan 6 rye reg. Heg regsgewys af.

**HALSSTROOK:** Werk skouernate toe. Met 2,25-mm-breinaalde en H r ste oor linkerhalsrand van agterpant, tel op en r 14 ste afwaarts oor linkerhalsrand van voorpant, r ste vanaf stekehouer, tel op en r 14 ste oor regterhalsrand van voorpant, r ste oor regterhalsrand van agterpant. Brei een ry aweregs. Knip H af, heg K vas en r 6 rye. Heg regsgewys af.

**AFWERKING:** Pars romp en moue effens met 'n warm yster oor 'n klam lap. Werk sy-en mounate toe. Werk moue vas. Met hekelpen en H hekel 2 rye kortbeen oor rugopeningrand, maak in 2e ry 3 knoopsgatlusse eweredig gespasieer aan regterpant. Werk af. Pars nate effens. Werk knope aan.